**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* — *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXIV — VRYDAG 17 OKTOBER 1969 — NR. 16

J. Heidema
**Kerkstraat 48**
DIE MEES GEËERDE NAAM IN FIETSRY

# OUDE MOLEN WORD NOU SPORT-TERREIN

**INGENIEURS WERK tans aan die finale beplanning van 'n sportkompleks vir die Puk wat uiteindelik R250,000 sal kos. Hierdie projek moet binne agttien maande afgehandel wees, het mnr. Piet Malan, sportdirekteur, onlangs in 'n onderhoud aangekondig.**

Die kompleks beloof om een van die mooiste en modernste sportterreine in Suid-Afrika te wees en word aangelê op die skilderagtige Oude Molen. Dit sal 'n ware sportparadys wees.

Daar word voorsiening gemaak vir tien rugbyvelde, vyf krieketvelde, 'n atletiekbaan, vier hokkievelde, een sokkerveld, twintig tennisbane, ses netbalbane, twee korfbalbane, twee jukskeibane, 'n rolbalbaan en gholfafslaan.

**Die atletiekbaan sal alle moderne fasiliteite hê sodat groot byeenkomste daar gehou kan word, terwyl die hoofkrieketveld die Oval-atmosfeer sal skep tussen die wilgers by die Mooirivier. Verskeie Springbokkrieketspelers het al gesê dat die terrein hom daartoe leen om een van die skouspelagtigste krieketvelde in die wêreld daarop uit te lê.**

Waar die universiteit tans agtien rugbyspanne het, is dit duidelik dat die tien rugbyvelde in 'n groot behoefte sal voorsien. Dit sal ook hopelik die probleem van Puk-spanne wat altyd op ander klub- en skoolvelde moet oefen, oplos.

'n Groot pawiljoen, wat 1000 mense onderdak kan huisves en 2000 in die opelug, word ook beplan. Hierbenewens word daar ook by die pawiljoen voorsiening gemaak vir kleedkamers, 'n onthaalvertrek, 'n kantoor vir die terreinopsigter asook apparaaten gewigtekamers. By die hoofkrieketveld word ook 'n pawiljoen volgens krieketstandaarde beplan wat terselfdertyd ook fasiliteite aan die twintig tennisbane en vier hokkievelde sal bied.



*Die Regiment Potchefstroom vertoon flink tydens 'n Vlaghysingseremonie gedurende die eeufeesvieringe. Die regiment het tydens dié geleentheid ook 'n kanon onthul. Dit is waargeneem deur kol. A. P. Goosens.*

## S.R.-verklaring oor intervarsity:

DIE studenteraad van die P.U. vir C.H.O. is deur die studenteraad van die U.O.V.S. genader insake probleme wat laasgenoemde met dié pas afgelope intervarsity ondervind het. Samesprekings is gehou op Donderdagaand, 18 September. Dit is herhaaldelik deur beide studenterade gestel dat hierdie saak so spoedig moontlik en in 'n goeie gesindheid afgehandel moet word. Die studenteraad van die P.U. vir C.H.O. het dit duidelik gestel dat dit nie tuishoort by samesprekings van hierdie aard om bespreking te voer oor die optrede van 'n skeidsregter nie.

- Die studenteraad erken ook die reg van die skeidsregter as enigste vertolker van feite op die veld en hy kan beslissings dienooreenkomstig maak.
- Volgens die oortuiging van hierdie studenteraad het die betrokke skeidsregter hierdie reg van hom na behore en na wense uitgevoer.
- Indien die U.O.V.S. nie hierdie sienswyse deel nie, sou die aangewese weg wees om via die O.V.S. Rugbyunie met die Wes-Transvaalse Rugbyunie in hierdie verband te skakel. Dit is die oortuiging van hierdie studenteraad dat die bande tussen die P.U. vir C.H.O. en die U.O.V.S. net so sterk staan as in die verlede. Dit is ons hoop dat die probleme wat die U.O.V.S. gehad het, na behore opgelos is. Van ons kant is daar niks wat die normale jaarlikse verloop van intervarsity enigsins bevraagteken nie.

## Gelukwensing

„'N NUWE standaard is gestel in Potchefstroom vir akademiese feesvierings", het prof. C. H. Rautenbach, rektor van die Universiteit van Pretoria gesê.

Hy het die P.U.K. gelukgewens met sy eeufees namens al die Suid-Afrikaanse universiteite en kolleges. Prof. Bingle het gesê dat hy en die universiteit oorweldig is deur die huldiging.

## TEURLINCKX NA U.O.V.S.

Dr. A. A. F. Teurlinckx is van die begin van aanstaande jaar as hoogleraar in kunsgeskiedenis aan die Universiteit van die Vrystaat aangestel. Hy is sedert 1962 hoof van die departement kunsgeskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit. Hy is 'n bedrewe joernalis en bekende kultuurman.

Die graad D.Phil. (Kunsgeskiedenis) is vroeër vanjaar met onderskeiding deur die P.U. aan dr. Teurlinckx toegeken.

## Daar he'jy dit



*Bloktyd en die eksamen is soos die mini: dit word al hoe korter en werk op 'n man se senuwees.*

# *ALABAMA SLAAN 'N MINI-SARIE LOS*

**JOHAN VAN RENSBURG en Kobus van der Walt het Woensdag 8 Oktober namens die Alabama-studentegeselskap die Mini-Saritoekenning op die Wanderersklub in Johannesburg ontvang.**

Die Sarikompetisie bestaan uit twaalf katagorië en in elkeen word 'n Sari toegeken aan die gewildste kunstenaar, wat aangewys word deur die luisteraars van Radio Suid-Afrika se handelsender. Alabama het in die kategorie groepsang meegeding met kunstenaars soos Groep Twee en Min Shaw en Lance James. Hierdie jaar is daar vir die eerste keer in elke afdeling ook 'n Mini-Sari toegeken aan die meesbelowende kunstenaar in die betrokke afdeling. Met inagneming van die luisteraarskeuse het 'n paneel van drie musiek-deskundiges die toekenning gedoen. Die Mini-Sari span die kroon op jare van harde werk deur Johan van Rensburg, koor- en orkeslede.

Alhoewel volgende jaar se toer-program nog nie amptelik bekend is nie, is daar groot planne vir die toekoms. Wat die musiek betref sal die program moontlik vir oulaas die Revue-vorm aanneem. 'n Toer word vir Juliemaand beplan met die gebruiklike opvoerings in en om Potchefstroom daarna.

'n Oorsese toer vir Desember is op verskillende geleenthede aangeroer, onder andere deur die Ere-president van Alabama, prof. Erasmus asook die toervader van 1969, ds. Hennie Coetzee. Mnre. Van Rensburg en Van der Walt wou egter geen amptelike verklaring in hierdie verband doen nie.

# Die akademie is 'n epidemie

„O die Pukke is so treurig, o die Pukke is so „sad"..."

Die kampus is só verlate. Af en toe val daar 'n blaartjie, maar daar is geen Puk te sien nie. Soos 'n dief in die nag, eintlik ook nie eers in die nag nie, sommer helder oordag het die ding ons bespring.

Dis 'n koors, 'n epidemie ... en wat meer is, dis ongeneeslik. Selfs ou Joe Fourie en Bingo is neergevel. Almal het stil geword. As die siekte tog maar nèt liggaamlik wou wees, maar dit knaag ook aan die gewete. Waarom het ons ons nie vroegtydig laat inent teen die gevaarlike ding wat die tyd van die jaar sy kop uitsteek nie? Maar helaas! Elke mens is 'n opportunis in sy diepste wese; waarom moet ons dan die uitsonderings wees?

Ja, ek dink almal gaan met my saamstem as ek sê die administrasie het ons vir 'n vuile gevang hierdie jaar. Feesvierings, g'n bloktyd nie ... watter normale student gaan hoegenaamd daarin slaag *om te slaag?* Ek sien glad g'n lig wat voor in die wapad brand nie.... nie eers 'n skilpad nie!

Dan sluit ek nou maar liewer af. Pessimisme was nog nooit 'n deug nie. Lekker eksamen skryf en maak die beste van 'n slegte saak. Ek hoop die vakansie genees julle almal ten volle van die epidemie ... dink net aan die lekker ontgroening, of sal ek sê „sagkense - inlywing - in - die - gesondestudente-aktiwiteite" van volgende jaar. Lyk my tog daar brand 'n vuurhoutjie voor in Die Wapad.

**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
★ POTTEBAKKERY
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KOPERWARE

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377

## Nog huiskomiteeplanne:

# *KOMPLEKS WIL SAAMWERK*

**UITSLAE van die huiskomitee-verkiesings wat nie in die vorige uitgawe van Die Wapad verskyn het nie, is nou bekend. Anna Venter, voormalige hokkiespeelster van Wes-Transvaal en nuwe primaria van Klawerhof, het die volgende siening oor die saak:**

„Die aangename gees wat daar die afgelope jare in Klawerhof geheers het, is steeds besig om te groei en vir die samewerking van so 'n groot groep dames in een koshuis wil ons sommer baie dankie sê.

Ons beoog om die eerstejaars so gou moontlik volgende jaar by die koshuis in te skakel en volwaardige eerstejaars van hulle te maak soos nog elke jaar die beleid in Klawerhof was. Ons wil ook aan hulle die geleentheid gee om kennis te maak met die studentelewe op die kampus en te aanvaar dat seniors op die kampus jarelange ondervinding het.

Die persone wat volgende jaar die leiding in die koshuis sal neem is: Sophie Botten, Hannetjie Coetzer, Mollie Buys, Dalene van Dyk, Hettie Steenkamp en Louise Adendorf.

Dup du Bruyn, nuwe primarius van Kompleks, het die Wapad meegedeel: „Om vier koshuise, elk met sy eie manier van lewe, elk met sy eie geskiedenis, tot 'n eenheid saam te snoer, is uit die aard van die saak moeilik. Ons as huiskomitee sal probeer om Kompleks weer volgende jaar sy regmatige plek in die studentelewe te laat inneem. Trouens, Kompleks gaan volgende jaar 'n hegter eenheid wees as ooit tevore en ons is van plan om ons ook so na buite te laat geld. Om planne te maak vir volgende jaar is onprakties, en 'n mens sal maar moet sien tot watter mate die studentelewe weer deur een of ander prakties-onuitvoerbare administrasiestelsel gekortwiek gaan word".

Ander lede van die huiskomitee is:

Piet Pretorius, Anton Welman, Giel du Toit, Deon Erasmus, Koert Coetzee, Alwyn Kruger en Pierre Jacobs.

Engela Malherbe is aangewys as die nuwe primaria van Heide. Sy sal bygestaan word deur die gesamentlike huiskomitees van Kulu en Thaba Jäh.

# STUDENTEGETALLE SAL NIE BEPERK WORD NIE

**„DAAR MAG NOOIT halt geroep word wat die studentetal van die P.U. vir C.H.O. betref nie", het die rektor, prof. H. J. J. Bingle in sy feesrede in die sentrale eetsaal gesê.**

Prof. Bingle het gepraat oor die Universiteit en Teologiese Skool in toekomsperktief.

Hy het gesê dat die vraag of daar 'n beperking gestel moet word aan die studentetal, **'n dringende kwessie is. Goeie onderrig kan skade lei as klasse te groot word, omdat persoonlike kontak met dosente uitgeskakel mag word. „Moet ons dan nie eerder ten alle koste ander weë bedink om die kontak te behou nie? Die P.U. vir C.H.O. sal ten alle koste die gevaar die hoof bied. Uit een universiteit sal met verloop van tyd moontlik verskillende universiteite ontwikkel,"** het prof. Bingle gesê.

**In 1916 is die Universiteit voor 'n geweldige keuse gestel. Hy sou op eie wieke moes voortgaan of sou staatsteun moes aanvaar, maar die wetlike Christelike karakter prysgee. Die keuse was vanselfsprekend en die stryd is aangeknoop.**

Die twee inrigtings, die Universiteit en Teologiese Skool het een stryd gevoer om die gewetensklousule uitgelig te kry tot 1951 met die selfstandigwording.

Wat die toekoms betref, sal ons niks van die verlede verruil vir iets anders nie. As toekomsvisie het prof. Bingle drie riglyne neergelê: **Belydenis** (Net soos in die verlede die koningskap van Jesus Christus oor die hele werklikheid), **Belewing** van die belydenis, en 'n **sigbare patroon** hiervan in die werklikheid. Belydenis is nie tydsgebonde nie, maar die belewing is egter wel aan tyd en plek gebonde. Prof. Bingle het die wens uitgespreek dat die twee vorentoe in volkome harmonie met mekaar mag staan soos in die verlede.

Die drie ankers van Calvyn is uiteengesit as die beleid van die toekoms: **„enkel die Skrif," „enkel genade,"** en **„aan God alleen die eer."** Hierdie drie vorm die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het.

Hierdie Universiteit vertoef nog maar by die beginstadium van die Christelike wetenskap. Daar sal in die toekoms nog baie nagevors moet word.

„Die P.U. vir C.H.O. gaan saam met die Teologiese Skool die toekoms arbeidsaam in as roepingsbewustes," het hy gesê.

## Bantoe geniet aandag van SIRSA

SIELKUNDIGES van oor die land het hulle verlede week besin oor die probleme van die mens in sy samelewingsverband tydens die agste jaarvergadering en kongres van die Sielkundige Instituut van die Republiek van Suid-Afrika wat op die P.U.-kampus gehou is. Verskillende onderwerpe het die aandag geniet, maar dit was veral die invloed van die tegnologiese revolusie op die mens, psigometrika en bedryfsielkunde waaraan baie aandag bestee is. Interessante referate oor onderwerpe soos die sosiaal-sielkundige aspekte van die Bavenda; enkele aspekte van die Bantoe se houding ten opsigte van padgebruik en militêre psigologie is gelewer.

Onder die sprekers wat opgetree het, was prof. J. H. van den Berg, verbonde aan die Rijksuniversiteit te Leiden in Nederland; en internasionaal bekend as psigoloog; dr. A. L. Kotzee, direkteur van onderwys in Transvaal; prof. M. C. Sonnekus, bekende aanhanger van die fenomenologie; prof. Kalie Heese, hoof van die departement sielkunde van die Stellenbosse Universiteit; prof. H. G. Stoker en andere.

Tydens die kongres is ere-lidmaatskap van die instituut ook aan dr. Kotzee toegeken.


# Ná jou studies . . .

# Verseker jou toekoms met 'n loopbaan by SANLAM

Wees deel van die moderne denke, dinamiese groei, aktiewe bestuursontwikkeling van SANLAM

**AKTUARIS**
**WISKUNDIGE**
**REKENINGKUNDIGE**
**STATISTIKUS**
**MARKNAVORSER**
**BELEGGINGSADVISEUR**
**PROGRAMMEERDER**
**OPERASIONELE NAVORSER**
**VERTEENWOORDIGER**
**PERSONEELBEAMPTE**

Gulde geleentheid vir verdere studie — universiteitsbeurse, rentevrye studielenings. Mededingende salarisse. Byvoordele sluit in aantreklike jaarlikse bonus, wye reeks personeelvoordele en -geriewe

**DIE PERSONEELBESTUURDER, SANLAM, STRANDWEG 6, BELLVILLE, K.P.**

SANLAM

VZ&R — K58F/77/


## WAPADLANGS

DEUR SWEEPSLAG

## Die volgende geslag se taak

DIT is reeds 'n geykte uitdrukking by ons politici dat die finale posisie van die Kleurling in die staatkundige opset van die Republiek deur volgende geslagte bepaal moet word. Die jeug en veral die hedendaagse student het nie juis veel van 'n keuse nie as om van hierdie stelling kennis te neem nie. Die volkerevraagstuk sal in die volgende drie of vier dekades opgelos móét word en die kleurlingvraagstuk as sulks vorm 'n belangrike onderdeel daarvan. Dit is dus te betwyfel of die geslag wat vandag in die lesingsale sit ook die hele kwessie gerieflikheidshalwe sal kan ontvlug deur te hoop dat hulle nasate 'n towerformule sal vind.

In die Kleurlinge het die blanke en veral die dissipels van afsonderlike ontwikkeling geen onwrikbare simpatiseerders nie. Dit is inderdaad veral die Afrikaanssprekendes wat die uitsoekskrywe van sommige se antipatie is. Kan die Kleurlinge verkwalik word vir hierdie awereggse houding, as hierdie beleidsrigting (hoofsaaklik onder leiding van Afrikaanssprekendes) vir hulle tot dusvêr 'n ontsegging van hulle tradisionele politieke deelname in die parlement, die ongerief van die Groepsgebiedewet en minderwaardige onderwys beteken het?

Aan die kredietkant van hierdie klein apartheid kan darem die pasgestigte Verteenwoordigende Kleurlingraad en opheffingsprogramme, hoewel nog in hulle kinderskoene, aangeteken word.

Die apartheidsgedagte was tot dusver die bepalende faktor in die optrede teenoor die Kleurlinge. Die vraag is egter of die beginsel wat die blankes tot dusver in staat gestel het om 'n bevoorregte, en in 'n mate geregverdige, posisie te beklee, tot sy logiese konsekwensies gevoer kan word.

Is dit logies om te dink dat die blanke en Kleurlingbevolkingsgroepe verder uiteen sal beweeg; dat 'n staat binne 'n staat tot stand sal kom (wat die unieke toestand ookal sou beteken!). Hierdeur word nietemin die huidige behou en solank ons „apartheid" skree hoef ons mos niks verder te doen nie.

Of moet ons vaskleef aan die mite dat die Kleurlinge eendag vanself 'n trek sal onderneem en hulle in 'n eie gebied gaan vestig. Vir die hede is dit in elk geval gerustellend en dan kan alle aan-

★ *vervolg op bladsy 9*

# Puik eeufees maar min studente neem deel

**DUISENDE FEESGANGERS, oud-studente, die alombeminde Mimi Coertze, 'n asemrowende massaspel, 'n skitterende simfoniekonsert en kantate, gekomponeer deur een van ons eie professore, is enkele van die hoogtepunte van die pas afgelope fees. 'n Fees wat deur een en almal onthou sal word.**

Oornag het die Puk verander in 'n miernes. Duisende motors, verteenwoordigend van die hele Republiek en Suidwes-Afrika het die plek ingeneem.

Deurgaans was die sentrale eetsaal, waar al die verrigtinge plaasgevind het, stampvol. Wat veral die belangstelling gaande gemaak het, was die massakunsspel en simfoniekonsert. Albei hierdie aanbiedings verdien 'n spesiale woordjie van lof. Geen wonder dat die gehoor aan die einde van die massaspel, doodeenvoudig weer gaan sit het, en dr. Teuns Botha se lakoniese „Dames en here, hierdie konsert is nou verby", nodig gehad het om hulle na die werklikheid terug te bring. Die koor wat saam met die simfonieorkes opgetree het, getuig van fyn afronding.

Mimi Coertze wat spesiaal van oorsee gekom het, het weer haar onoortreflikheid bewys. Prof. Pieter de Villiers, haar begeleier, het dit met fyn aanvoeling gedoen en was meester van elke stuk.

Die ondernemingsgees van die jong manne wat die rit van Burgersdorp aangepak het kan net weer eens geloof word.

Die feesredes was een en almal puik. Dit was heerlik om te luister na die geesdriftige stemme, van mense wat die welvaart van die Puk op hul harte dra.

Die grootste gemis by hierdie fees was die hopelose gebrek aan studente. Dis 'n universiteit van amper vierduisend. 'n Oproep by die eregradeplegtigheid word gedoen dat alle studente na vore sal kom en die Alma Mater sing ... 'n skamele honderd maak hul verskyning! Watter indruk laat dit nie op die buitewêreld nie? Of is dit die owerheid se skuld dat die studente belangstelling verloor het? Daar is immers afgekondig: geen plekke meer beskikbaar nie... Aan die anderkant: is dit nie hoog tyd dat die Pukke bietjie hand in eie boesem steek nie?

Ons staan nou aan die begin van 'n nuwe eeu. As dit goed gaan sal die Puk steeds meer ontwikkel; as dit minder goed gaan, sal ons die stryd wat ons voorgangers gestry het moet hervat en veg vir dit wat ons eie is.

Hierdie fees wat verby is, was puik, uitmuntend, skitterend en het daartoe bygedra om die verlede te laat herleef: Prof. Duvenage en sy span moet geluk gewens word. Dit het almal wat die voorreg gehad het om dit by te woon begeester, om sy alma mater met hart en hand te ondersteun.



*Sen. Jan de Klerk, President van die Senaat en Kanselier van die P.U. vir C.H.O. in 'n opgewekte stemming tydens die eeufees. Hier is 'n ewe opgeruimde Ansie Beukes besig om vir hom 'n ruikertjie aan te steek. Sen. De Klerk was een van die talle hooggeplaastes wat die feesvieringe bygewoon het en het ook die eredoktorsgrade by die spesiale gradeplegtigheid toegeken. (Foto: Fotokuns).*

## Dankbetuiging

Hiermee wil ons graag teenoor die Fisiologie III-studente opregte dank betuig vir al hulle volgehoue blyke van belangstelling en deelname tydens die langdurige siekte en die afsterwe van prof. Hamersma. Dit was veral vir hom 'n onderskraging in sy lyde.

Mev. Hamersma en gesin.

## Premier:

# PERSPEKTIEWE VIR BLIK NA BUITE

**„MANNEKRAG is blykbaar Burgersdorp se grootste uitvoerproduk", het sy edele, die premier, adv. J. B. Vorster Saterdagaand in een van die ligter oomblikke van sy toespraak gesê. Adv. Vorster het gepraat tydens die hoogtepunt van die eeufees in die sentrale eetsaal.**

Adv. Vorster het gesê die P.U. vir C.H.O. kan trots wees daarop dat hy mense in die lewe uitgestuur het wat hul plek kon vol staan. Die groot aand is nie slegs die geleentheid vir retrospeksie nie. Ons moet ook na buite kyk. Dit is 'n verwarde, koerslose wêreld wat ons in die gesig staar. Tegnologiese en wetenskaplike prestasie ten spyt, is daar orals in ons menslike verhoudinge dekadensie te bespeur.

„Menslike verhoudinge trek skeef omdat daar 'n wanverhouding tussen die moderne mens en sy God is", het hy gesê. „Dit bly steeds 'n standhoudende behoefte van die mens om te verneem: So sê die Here".

Die premier bied die volgende perspektiewe vir ons as Christelik-nasionale Suid-Afrikaners in ons blik na buite aan:

- Ons het nie ons vaderland geroof of dit deur brute geweld verkry nie. Dit is ons regmatige eiendom.
- Ons is deel van die konteks van Afrika. Ons is nie 'n aanhangsel van Europa nie.
- Ons meng nie in ander lande se huishoudelike sake in nie. Ons verwag dieselfde met ons s'n. Ons maak egter nie van isolasie 'n deug nie. Ons wil graag vriendskaplike betrekkinge met almal handhaaf.
- Ons wil graag van hulp wees waar ons kan — veral in Afrika. God was vir ons baie goed en het ons volk in hierdie kontinent wonderbaarlik gelei.
- Ons wil die swartman van Afrika nie bloot met 'n lepel voer nie, maar ons wil hom eintlik leer om homself te help.
- Ons het in ons land geweldige potensiaal vir botsing en balansversteuring. In baie gevalle meer as in die sg. voos kolle van die internasionale politiek: die Midde-Ooste, ens. Ons het egter daarin geslaag om 'n bevredigende oplossing vir die vreedsame naasbestaan van alle rassegroepe te vind.

Adv. Vorster het afgesluit deur te vra wat ons antwoord op al hierdie dinge kan wees. Hy meen slegs dit: dat die rus en vrede wat daar in ons land is, te danke is aan die feit dat ons 'n godvresende volk is. Dit is kragtens ons volksaard so, sê ons premier, dat geen politieke beleid in ons land sal slaag tensy dit nie Christelik is nie. God was in die verlede die behoudende faktor in ons geskiedenis, die lig op ons pad. Hy sal dit ook vir die hede en in die toekoms wees.

## In Memoriam



**WYLE prof. P. J. Hamersma, in lewe hoof van die fisiologie departement, was een van die senior personeellede verbonde aan die universiteit, en sal onthou word as 'n simpatieke persoon en 'n dosent wat altyd aan sy studente verlangde hulp verleen het, van watter aard ookal.**

**Pieter Johan Hamersma is op 28 Maart 1906 te Phillipstown gebore. Hy was die tweede jongste van agt kinders van wyle ds. Hamersma. Hy matrikuleer op Colesberg en skryf in 1924 aan die P.U. in vir die B.Sc.-graad. Na behaling hiervan, word hy deur die staatsdiens aangestel as laboratorium assistent op Onderstepoort. In dié periode studeer hy aan die Pretoriase universiteit verder en behaal die grade M.Sc. en D.Sc.**

**In 1934 tree dr. Hamersma in die huwelik, en drie kinders is uit die huwelik gebore. In 1946 verhuis die familie na Potchefstroom waar dr. Hamersma as senior lektor in die departement dierkunde aangestel word, en terselfdertyd ook nog fisiologie, dieetetiek en farmakologie doseer.**

**In 1948 word hy hoof van die nuwe departement fisiologie en doseer ook biochemie en ontvang in 1954 sy professoraatskap.**

**Na 'n baie lang en smartvolle siekbed wat hy blymoedig aanvaar het, is prof. P. J. Hamersma op 3 Oktober in Potchefstroom oorlede. Hy laat 'n leë plek agter in die universiteit waar hy alom bemind was deur studente en kollegas. — Saskia Kempf.**

# SPYKERBANKKANTATE

**DEUR DRUKSPYKER**

Ons staan aan die begin van nog 'n einde. Rondom my is daar egter gesigte wat 'n stille agitasie beoefen teen dié drie maande wat oor is.

*Marthie le Roux* van Klawerhof se *Charles Simpson* is in Suidwes, en haar hang-gesiggie beklemtoon die feit dat Suidwes nie sommer anderkant die bult is nie. *Louise Adendorff* en *Hennie Coetzee* het glo dieselfde probleem.

My hart gaan uit na al die slepe wat so mooi deur die jaar gehou het, en nou deur 'n wrede vakansie geskei word. Dink net aan *Annatjie van Tiddens, Nolene Steyn* en *Lea Schimmer* met hulle *Bennie Brummer, Piet Taljaard* en *Lammie* onderskeidelik.


Nadat die tradisionele bootjie amper gestrand het, is *Cornelia Jordaan* en *Kobus van der Walt,* met behulp van 'n sterk eb weer veilig aan boord. Sou hulle dalk nou met 'n motorboot vaar?

Siedaar, *Anna van der Vyver* se oë blink amper meer as die ring. Vir haar en *Kobus Venter* van Kovsies het die feesnaweek die seël (of sal ek sê die diamant?) op ses jaar se werksaamhede geplaas. So van diamante gepraat, *Blyde Combrink* en *Johan Basson* het hulle ook oor die feesnaweek by die lysie van gelukkiges gevoeg.

Uit Karlien verneem ons dat *Marietjie Venter* se *Japie* nie net sy liefde nie, maar ook 'n pêrelring vir haar gegee het. Voeg by hierdie gelukkige paartjie *Annamarie van der Walt* en *Koos Schoeman* wat eens so lekker sleep.

En kan jy nou meer... *Annemarie van der Walt* van Kulu en *Wil-*

★ *vervolg op bladsy 9*



**die WAPAD**

VRYDAG 17 OKTOBER 1969

# *'n Kwessie van getalle*

DIE Rektor het dit onlangs weer onomwonde gestel dat daar geen beperking op studentegetalle aan ons Universiteit gestel sal word nie. Teen daardie agtergrond is dit ook bemoedigend om te hoor dat die gevare wat verbonde is aan die snelle vermeerdering van studentegetalle wel deeglik deur die owerheid besef word. Ons het dan ook die versekering dat daar gewaak sal word dat die karakter van die P.U. vir C.H.O. nie aangetas word nie.

Dit kan egter nie ontken word dat met die snelle vermeerdering in studentegetalle en die gepaardgaande fenomenale uitbreiding iets van die gees van die Puk verlore gaan nie. So bly die gees op 'n kampus nie ongeskonde as koshuise met trotse tradisies ontruim of platgeslaan word nie. Die nuwe wooneenhede moet hulle nog self bewys as 'n kweekplek vir studente met 'n karakter wat eie is aan ons.

Tog blyk dit dat die vermeerdering in getalle die aanvaarbaarste is. Daardeur word die kanse vergroot dat geskooldes van hierdie universiteit 'n groter rol sal speel op alle gebiede van ons volkslewe. Daarvoor bestaan daar beslis 'n behoefte.

Op die gevaar af om in verdere clichés te verval, kan daarop gewys word dat die vermeerdering van studentegetalle 'n uitdaging is. Aan persone wat gemoeid is met die georganiseerde studentelewe sal daardeur groter eise gestel word.

# *Geluk, Alabama!*

HIERMEE wil die Wapadredaksie die Alabama-studentegeselskap gelukwens met die verowering van 'n Saritoekenning.

Dit is onnodig om hul voortreflikhede hier te besing, maar Alabama het andermaal getoon dat die lof wat hulle voorheen toegeswaai is, nie onverdiende eer was nie. Die feit dat die groep suksesvol kon meeding teen professionele kunstenaars benadruk eweneens dat ons nie maar lojale studente is wat gereeld in ekstase raak oor ons medestudente se vertonings nie. Dit is nou maar so dat Alabama iets het om te bied.

Ons wens hulle alle voorspoed toe op hul harde werk.

## REDAKSIE

**Hoofredakteur: Dawie Swanepoel — tel. 6600**
**Subredaktrise: Joan Crafford — tel. 2071**
**Sosiale redaktrise: Louisa van der Vyver — tel. 2119**
**Nuusredakteur: Johan Preller — tel. 6701**
**Politieke redakteur: Leon du Plessis — tel. 6030**
**Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039**
**Sportredakteur: Pieter Oosthuizen —**
**Kunsredaktrise: Rheta Coetzee — tel. 2071**
**Fotoredakteur: Wytze van Wyk de Vries — tel. 2019**
**Sekr. Penningmeester: Johan Ligthelm — tel. 5553**
**Spotprenttekenaar: Lood Dercksen —**
**Sirkulasiebestuurders:**
**Piet Strydom — tel. 2019**
**Piet Hattingh — tel. 2019**
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:**
**Rheta le Roux; Elma Carstens; Maria Scheepers; Marieta Pelzer; Elsa Venter; Johan Yssel; Maria van der Walt; Dries Burger.**
**POLITIEKE VERSLAGGEWERS:**
**Henriëtte Murphy; Nina Venter; Katrientjie van Rensburg.**
**AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:**
**Erna Arnold; Barbera de Klerk; Elize Pienaar.**
**SPORTVERSLAGGEWERS:**
**Bester Swart; Ben van der Walt; Ria de Klerk; Riana Fourie; Elsabe van Wyk.**
**KUNSVERSLAGGEWERS:**
**Nicolène Marais; Quinta Kruger; Liesbet Groenewald.**

# Uit die Woord

## 'N SKAARSTE AAN GODS WOORD

*Amos 8 : 11 en 12: „Kyk daar kom dae, spreek die Here Here, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die Here te hoor. En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos om na die Woord van die Here te soek, maar hulle sal dit nie vind nie".*

*Ons leef reeds in 'n tyd waarin die Woord van die Here skaars geword het. Want hoeveel tyd spandeer ons aan Skriflesing, om nie eers van peinsende Skrifstudie te praat nie en hoeveel hoor ons van God se Woord in die daaglikse lewe?*

*Hierdie skaarste aan die Woord is veroorsaak deur die mens self. Die mens vertrou soveel op homself en glo in homself en sy eie vermoëns, dat hy die Woord van die Here nie meer nodig het nie.*

*In hierdie verse word daar egter gepraat van 'n skaarste aan die Woord, nie veroorsaak deur die mens in sy hoogmoed nie, maar deur God self. God laat Hom nie bespot nie. Hy sal ook nie toelaat dat sy kosbare en lewegewende Woord geminag en verwaarloos word nie. As die mens in sy hoogheidswaan meen dat hy sonder die Woord kan leef, sal God sy Woord wegneem. En dan sien ons dieselfde mens waansinnig soek na die Woord.*

*God waarsku ons betyds. Die Woord met al sy lewegewende krag en ewige waarheid, is nog tot ons beskikking. Maar dit is nie vir ons om te besluit wanneer ons dit wil gebruik en hoe lank dit nog tot ons beskikking sal wees nie. God kan ook enige dag hierdie Woord wegneem. En dan blyk dit dat daar sonder die Woord en buite die vleesgeworde Woord, Christus, geen lewe moontlik is nie.*

# *Uit die* POSSAK

## STUDENTE AFGESKEEP TYDENS FEES

GEAGTE REDAKTEUR,

'n Woord van gelukwense aan die organiseerders van die Puk se grootse eeufeesviering. Alle eer aan hulle! Die viering self sal sekerlik nog lank onthou word deur diegene wat dit bygewoon het.

Diegene wat m.i. die eerste reg gehad het op 'n aandeel in die feesverrigtinge, nl. die studentemassa, is ongelukkig hierdie aandeel grootliks ontsê.

In 'n omsendbrief is gevra dat die studente sal deelneem aan 'n fietsoptog om „luister daaraan te verleen!" Is ons dan nou net vertoonstukke wat „luister" aan 'n optog moet verleen?

**Indruk**

Veder word die studente versoek om die spesiale gradeplegtigheid op Olënpark by te woon waar 'n graad aan die Eerste Minister toegeken is. Daar word duidelik gestel dat soveel moontlik van die studente dit moet bywoon „om dit na iets te laat lyk" en „met grootse deelname deur die studente kan ons nie anders as om 'n **goeie indruk** te maak nie"! 'n „Goeie indruk" op wie? Mag studente dan nou net 'n aandeel aan verrigtinge op die Puk kry as hulle nodig is om 'n „goeie indruk" te maak? Het die Puk nie nou, in sy strewe om „rekrute" te werf, so ingestel geraak op sy beeld na buite dat die huidige studente afgeskeep word nie?

In die organisering van die eeufeesprogram lê vir my amper die gedagte van 'n ouer wat aan sy kind 'n lekkertjie of twee gee om hom stil te hou en dan moet hy buite gaan speel, sodat die grootmense in vrede die res van die pak lekkers kan geniet.

Die studente word 'n aandeel in een of twee items gegee om hulle tevrede te stel, terwyl die eregaste en „grootmense" die eintlike feesprogram geniet! Mag ons in die toekoms asseblief nóg 'n paar lekkertjies kry?

Ten slotte sou dit seker heelwat minder ongerief meegebring het indien die gaste in die koshuise van die Onderwyskollege tuisgegaan het.

„Ontevrede"

Kompleks.

## Nat. Witsie teen Nusas

Die nuwe voorsitter van die Konserwatiewe Klub aan die Universiteit van die Witwatersrand, mnr. Sven Weiswange, 'n bestuurslid van die verbode tak van die Nasionale Jeugbond (die Karel de Wet-tak) is 'n uitgesproke Nasionalis.

Sy uitgangspunt is om Nusas so sterk as moontlik teen te gaan. Hy stel hom dit ten doel om die afnemendheid en permissiwiteit wat Nusas probeer om deel van die Suid-Afrikaanse leefwyse te maak, te oorbrug.

Stel dit nie die universiteit in 'n beter lig nie?

Hierdie organisasie van mnr. Weiswange is ook verbode omdat lidmaatskap vir nie-blankes verbode is.

**20th Century**

WOENS 22 en DON. 23 OKT.
CHUBASCO
Richard Egan en Susan Strasberg.

VRY. 24 en SAT. 25 OKT.
THE DETECTIVE
Frank Sinatra en Lee Marvin. (geen persone 4—18 nie).

MAAN. 27 en DINS. 28 OKT.
PETULA
Julie Christie en George Scott. (geen persone 4—16 nie).

WOENS. 29 OKT.
ISRAEL SIX DAY WAR

DONDERDAG 30 OKT.
DIE VERVLAKSTE TWEELING
Marius Weyers, Jana Cilliers en Arthur Swemmer.

**Potch Inry**
Tel. 5307 of 6345 bedags

*Vrydag 17 en Saterdag 18 Okt.*
*Eerste Vertoning*
DANIE BOSMAN

*Tweede Vertoning*
DEVILS BRIDE
Christopher Lee en Charles Gray. (Niemand 4—12).

*Maandag 20 en Dinsdag 21 Okt.*
*Vrydag 24 en Saterdag 25 Okt.*
*Eerste Vertoning*
BLACKBEARD'S GHOST
Peter Ustinov, Suzanne Pleshette, Dean Jones.

*Woensdag 22 en Donderdag 23 Okt.*
*Vrydag 24 en Saterdag 25 Okt.*
*Tweede Vertoning*
THE GOOD, THE BAD AND THE UGLY
Clint Eastwood en Eli Wallach. (Niemand 4—16).

**Goue Weste Inry**
Tel. 6437

*Vrydag 17 en Saterdag 18 Okt.*
*Eerste Vertoning*
PARDNERS

*Tweede Vertoning*
INTERLUDE
(Niemand 4—16).

*Maandag 20, Dinsdag 21, Woensdag 22, Donderdag 23, Vrydag 24 en Saterdag 25 Okt.*
*L.W.: Net een vertoning om 7 uur*
THE TAMING OF THE SHREW
Richard Burton, Elizabeth Taylor en Cyril Cusak, Michael Hordern.

**SKOEN- EN FIETSREPARASIES**

★ EN FLINKE DIENS

★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE

**HUIS EN TUIN**

(Langs Volkskas op die Bult)

★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS



*'n Ere-doktorsgraad in Liggaamlike Opvoedkunde vir Frik na sy reuse strafskop Saterdag?*

## P.U. ONMISBAAR

„Die volk kan nie meer sonder hierdie twee inrigtings klaarkom nie", het prof. S. P. van der Walt, rektor van die Teologiese Skool, tydens die eeufees gesê.

Agter die Universiteit staan 'n groot volksdeel wat die Universiteit steun met hul middele en gebede. Hulle koester hoë verwagtings van die universiteit en stuur hul kinders hierheen.

Prof. Van der Walt het aangetoon dat daar van die begin gedink is aan 'n Christelike universiteit. Studente van oor die hele Suid-Afrika kom hierheen om wetenskaplik gevorm te word en die Universiteit is dankbaar dat hy steeds die Skrifgebonde lewens- en wêreldbeskouing aan hulle kon gee.

„Daar moet steeds vaster by die beginsels wat diepste gronde vir wetenskaplike navorsings is, gestaan word. Daar moet nooit verstarring kom of onwetenskaplik te werk gegaan word nie, maar die nuwe moenie so nagejaag word, dat die wetenskaplike op 'n dwaalweg beland nie", het hy gesê.

Prof. Van der Walt het die bede uitgespreek dat die universiteit kragtig sal meewerk tot wetenskaplike frisheid.

## DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

DEUR al die jare wat ek myself op die Puk bevind, wou ek nog altyd reflektor wees, en het my dit as ideaal voorgehou, want, het ek gedink, dan kan ek uiting gee aan al my opgekropte frustrasies en neuroses. Dan kan ek kommentaar lewer op elke aspek van die studentelewe — ook op die groot geeste wat hulle op die studenteraad bevind. 'n Mens kan hulle maklik uitken: dié wat halftwee elke middag 'n kliek vorm voor die S.R.-kantoor en met gefronsde voorhoofde „aktuele" vraagstukke bespreek asof nie net die welsyn en lewe van elke Puk daarvan afhang nie, maar ook dié van elke Afrikaner, Suid-Afrikaner en Afrikaan.

En nou? Nou is ek reflektor en nou moet ek my intreerede (inougurele rede vir dié wat nie Afrikaans verstaan nie) lewer.

Miskien moet ek my voor- en/of afkeure sistematiseer en neerstip, of miskien moet ek vertel van my meisie (sal ek haar mej. Y doop?). Miskien moet ek vertel van die wind en die reën en die golwe op die see, of van 'n eensame maanligaand weg van die kunsmatige ligte en geraas van die stad — net ek alleen. Want ek is alleen, eenling. So, het die digter gesê, is die mens gebore en so sal hy doodgaan. En alles wat tussenin gebeur is tydelik, 'n gejaag na wind. Daarom, Pukstudent, wees jonk, wees vry, wees gelukkig, vee die frons van jou voorkop af, los die onbenullige vraagstukke, menere van die studenteraad, hou op om soos ministers op te tree, want julle is *studente*.

In ons dorp waar die akkerbome nou groen is, en die hele natuur jou toelag is dit nóú die tyd om student te wees, want is daar 'n meer tiperende tyd, 'n tyd meer eie aan student-wees en 'n tyd wat langer onthou sal word as juis bloktyd? As ek saans die slepers hand aan hand deur die strate sien gaan, en hier en daar 'n paartjie op 'n bankie sien sit, dan voel ek myself een met die natuur en ook een met die kultuur.

My meisie is 'n realiteit — sy is altyd daar met haar groot bruin oë wat soms droewig, soms gelukkig is. En partykeer as dit reën, loop sy kaalvoet met haar gesig na waar die druppels vandaan kom...

# DIE AKADEMIE: 'N STRYD TEN BLOEDE

**VANDAG SLUIT die klasse en môre begin die eindeksamen: dit mag na 'n pedagogiese utopie klink, maar onder die studente is dit 'n bron van groot ontevredenheid. Bloktyd bestaan nie, want in verskeie fakulteite het die eksamen al die dertiende 'n aanvang geneem.**

Ander universiteite het hul volwaardige twee tot drie weke bloktyd waarin geen eksamen afgelê word nie.

'n Verdere bron van ontevredenheid is die jaarsyfers. Studente gaan vakke skryf sonder dat hulle die vaagste benul van hul jaarsyfers het.

Daarby vergelyk 'n akademiese jaar van ses-en-'n-halwe maand swak met ander universiteite waar akademiese jare van tot nege maande lank is, en reeds vroeg in Januarie 'n aanvang neem. Die tweede semester was letterlik net nege weke lank. 'n Skrikwekkende kort tyd wat swaar dra aan die naam semester. Die beoogde hoeveelheid leerstof kan nie in die kort tydjie behandel word nie, en dit bring mee dat studente hulle die laaste maand voor die eindeksamen oorhoeks moet werk aan referate, en werkstukke om darem iets van die vak tot sy reg te laat kom.

Dit is onmoontlik om vooruit te „blok", vanweë die dolle gejaag om in die laaste weke nog soveel as moontlik in die kortste tydjie denkbaar te doen.

En die toetsstelsels! Hoeveel jare gaan daar nog geëksperimenteer word met die verskillende metodes? Wanneer gaan die resultate van al die eksperimentering gesien word? Die aanhoudende toetse so saam met die „klasdraf" en gewone werkstukke en referate is absoluut uitputtend. Soms het dit gebeur dat studente agt toetse in een week skryf! Kan daar in so 'n geval enigsins reg geskied aan die student is se werk- en leervermoë? Waarom dan nie maar weer terugkeer na die ou stelsel van formele halfjaarlikse eksamens nie?

Die grootste probleem bly maar die kort akademiese jaar. Is die tyd nie ryp dat ons soos van die jongere universiteite selfs ietwat rewolusionêr optree nie?

# *Raadsmedaljes*





Die jaarlikse raadsmedaljes vir die studente wat die meeste vir die studentelewe gedoen het, gaan aan Callie Coetzee en Carene Lubbe. Dié medaljes sal met die gradeplegtigheid op 10 Desember aan hulle oorhandig word.

## Pukkie-redaksie smul

DIE Pukkieredaksie het op gesellige wyse van mekaar afskeid geneem. Dit het die vorm aangeneem van 'n kaas-en-wyn-onthaal in die Marathon-restaurant op Klerksdorp.

Aanvanklik was hulle bietjie skrikkerig vir die kaas, maar glo my toe hulle eers daaraan geproe het was daar geen keer nie. Daarby het hulle so min van die wyn gedink dat hulle dit sommer gedrink het!

In sy redakteursboodskap, het mnr. Lood Dercksen sy teleurstelling uitgespreek oor die swak verkope van *Die Pukkie*. Hy het voortgegaan deur te sê dat die besluit van die nuwe redaksie om *Die Pukkie* verkope op koshuisbasis te plaas, definitief meer vrugte sal afwerp.

## OPVOEDERS HET GROOT PLANNE

**ONDERWYS SAL in die toekoms al hoe meer gespesialiseerd raak, het dr. A. L. Kotzee, direkteur van onderwys in Transvaal, verlede week gesê op die volkskongres vir opvoeding en opvoedkunde, wat in Pretoria gehou is.**

Hierdie vakspesialisasie sal meebring dat kinders dalk op laerskool al begin met 'n derde taal. Die verskynsel dat hoërskoolonderwysers in staat is om tot vyf vakke doeltreffend te doseer, sal verdwyn omdat vakonderwys meer gespesialiseerd sal raak. 'n Kursus in hotelwese op sekondêre vlak word beplan.

Oor die probleem van studente wat op universiteit uitsak, het dr. Kotzee gesê dat 'n realistiese beleid sou wees om hulle deur doeltreffende voorligting na kolleges vir gevorderde tegniese onderwys te kanaliseer. Die persentasie blankes wat in Suid-Afrika universitêre opleiding het, is van die hoogste ter wêreld.

In 'n ander referaat het mnr. H. J. S. Stone, senior lektor in opvoedkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika, gesê dat godsdiensonderrig 'n leemte in die hedendaagse onderwys is. Dit het te min te make met die konkrete lewe. Die roeping van die huis en skool in godsdiensonderrig word eers vervul as die hele huis en skool in waarheid Christelik is.

Prof. D. H. Cilliers, dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan dieselfde universiteit, het 'n beroep op die volk gedoen om die euwel van kerkisme uit die volkslewe te verban. Volgens hom is kerkisme Rooms, want volgens die Calvinistiese instelling is nie die kerk nie, maar die Bybel die hoogste gesag.

Dr. P. J. Meyer, voorsitter van die beheerraad van die SAUK, het in sy referaat gesê dat daar tekens is van toenemende kulturele integrasie tussen die Afrikaanse en Engelse kultuurgemeenskappe in Suid-Afrika.

Verskillende van die dosente in opvoedkunde aan die P.U. vir C. H. O. het ook tydens die volkskongres opgetree.

U kan gerus u bande versool by...

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)



# FLINKE PERDEKOMMANDO GASVRY ONTHAAL

**DIE EEUFEES-PERDEKOMMANDO het 3 Oktober van Burgersdorp hier aangekom. 'n Groep studente het hulle per fiets by die stadsaal gaan ontmoet vanwaar die kommando deur die verkeerspolisie op hul laaste skof tot by die Teologiese Skool geleide gedoen is. Hier is die kommando amptelik terugverwelkom.**

Nadat die lede deur die kommandant, mnr. Bertie Pretorius, bekendgestel is, is boodskappe van groete van die Gereformeerde Kerke en van al die dorpe waar hulle aangedoen het, oorgedra. By die geleentheid is die gedenksteen deur die praetor van die Teologiese Studentevereniging, mnr. Dries du Plooy, aan die Universiteit oorhandig.

Uit die manne se ervarings tydens die unieke onderneming blyk dit duidelik dat hulle oral gul ontvang is... aan braaivleis was daar geen tekort nie.

Ten spyte van vroeg opstaan, is 'n aangename gees deurgaans gehandhaaf en met die wegry douvoordag elke oggend het die manne serenade liedjies gesing maar ons verneem dat daar nie juis ligte geflikker is nie!

Wat is 'n burger sonder sy niggie? En daar gebeur dit toe op Burgersdorp dat twee kommandolede afsprake maak met meisies, wat later sonder enige seremonie deur twee van hul makkers „geskaai" word. Blykbaar het Bethulie die talentvolste meisies opgelewer. Hier het ou Fanus van der Westhuizen sy hart aan 'n blondekop verloor.

Die vasslepers en die getroudes moes maar die amoreuse bedrywighede gelate aanskou.

Vriendelikheid was die kenmerk van gashere en toeskouers langs die pad. Sommige het geglo, ander het daaraan getwyfel of die wit gepluimde ruiters ooit Potchefstroom sou haal.

Dis te verstane dat die ouens darem so hier en daar 'n baken sou steek, of in gewone taal, van die perd afval. Ek hoop hulle vergewe my as ek hul name noem: Martin Oosthuizen, Fanus van der Westhuizen, Hennie en Tinus du Plessis. Laasgenoemde is deur die Vrystaatse Provinsiale Administrasie gedagvaar vir die gat wat hy in die pad geval het. Hennie du Plessis het eenkeer selfs horisontaal in die saal gesit. Op Burgersdorp en Bloemfontein het Tinus se perd elke keer met kameelstreke vorendag gekom en elke keer as hy opklim ewe getroos gaan lê. Twee van die kommandolede het letterlik op die perde se rûe verjaar — hulle is Fanus van der Westhuizen en Bertie Pretorius.

Dank word uitgespreek teenoor die twee rektore, donateurs en almal wat die rit moontlik gemaak het. Verder is almal dit eens dat Bertie Pretorius sy rol as kommandant onverbeterlik vervul het.

Die kommandolede is nie een blinkners nie... moeg vir braaivleis wel!

In 'n kort woordjie tydens die ontvangs op Potchefstroom het mnr. Bertie Pretorius sy dank aan oom Petie Duvenage, prof. B. Duvenage se vader en mnr. Bach Hefer betuig vir die hulp en raad wat hulle verleen het. Oom Petie het met die aankoms en vertrek by elke dorp saamgery terwyl mnr. Bach Hefer hulle die hele pad vergesel het.

## Argitektuur vir P.U.

'N KURSUS in argitektuur en bourekenkunde word van aanstaande jaar deur die universiteit aangebied. Verdere besonderhede is nog nie bekend nie, maar daar word algemeen aanvaar dat dit vir die universiteit 'n goeie stoot vorentoe sal gee.

Nuwe benoemings vir die personeel is ook bekend gemaak. Dr. N. B. Strydom is as buitengewone professor in die fisiologiese departement benoem, terwyl mnr. S. S. Barnard senior lektor vir historiese opvoedkunde word. Nuwe lektore is: mnre. P. Pienaar (Sosiologie), A. Lotter (farmaseutika), P. van Eldik (wiskunde), J. Swart (wiskunde), M. Grundling (fisika) en mej. E. Pretorius (musiek).

Prof. D. P. Erasmus van die fakulteit ekonomiese wetenskappe is benoem as koshuisvader vir die dameskoshuis Heide (tans Drakenstein). Terselfdertyd is proff. S. du Toit en D. J. Viljoen benoem as die nuwe dekane vir teologie en ekonomiese wetenskappe onderskeidelik.

U HOEF NIE, MAAR U KAN BETER KOOP BY UNIEWINKELS

Uniewinkels

VERSKAFFERS VAN P.U.-KLEURE

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom



Die winkel waar die kieskeurige dame koop

## MARIETJIE BAIE TUIS OP PUK

**ALMAL KEN HAAR: Marietjie Fourie in haar rystoel wat al drie jaar lank 'n bekende gesig op die Puk is. Soms wonder 'n mens, veral wanneer jy haar in haar stoel by singsongs en ander aksies sien: hoe moeilik was haar aanpassing by die studentelewe?**



Marietjie het as sesjarige polio gekry en sedertdien kon sy nog nie sonder haar rystoel beweeg nie. Die Potchefstroomse Universiteit het in hierdie opsig ideaal aan haar behoeftes voldoen, want die kampus is gelyk, nie te groot nie en die geboue is redelik naby aan mekaar. Daarby was die Puk ook haar pa se alma mater.

Met haar aankoms op die kampus het sy baie selfbewus gevoel; nie oor haarself nie, maar omdat sy geweet het hoe ongemaklik die ander studente in haar teenwoordigheid sou wees. „Want", sê Marietjie, „dis nie soseer ek wat my by studentwees moes aanpas nie, maar hulle wat aan my moes gewoond raak".

Sommer uit die staanspoor het die vriendelikheid en hulpvaardigheid van die mans haar beïndruk. Syself kom maklik met die stoel oor die weg, maar voel tog ongemaklik as sy by die trappe moet sit en wag totdat iemand haar kan kom help.

Met haar studies ondervind sy geen probleme nie. Die enigste struikelblok is dat sy nooit biblioteek toe kan gaan om die nodige boeke te soek nie. Medestudente is egter altyd gewillig om vir haar boeke te gaan uitneem.

Dit was nie moeilik om in die studentelewe op te gaan nie. Sy behoort aan die skrywerskring, woon gereeld die karnaval — en intervarsitie-verrigtinge by en hoewel sy nie baie sportbewus is nie, kan sy goed swem.

Marietjie lag lekker as sy van haar sleepaksies vertel. Mans is blykbaar maar skrikkerig vir haar, of vir wat hul maats gaan sê, gesels sy openlik. Indien iemand belangstel, sy sleep nou sommer baie vas.

Sy hou baie van moderne klere en grimering en is nie alleen altyd foutloos gegrimeer nie, maar een van haar stokperdjies is om klere te maak.

Haar planne vir volgende jaar? „Sielkunde honneurs, natuurlik".

## DINEE VAN DIE JAAR

**DIE ALABAMADINEE was een van daardie lank-onthoulekker dinge wat 'n mens voluit geniet vandat jy oor die Impala se drumpel trap, totdat jy vier uur later weer oor die koshuis se drumpel trap (laat, natuurlik, van pure konnie-weg-kom-nie-dit-was-te-lekker). Die dinee is op Woensdagaand die eerste Oktober gehou.**

Elke oomblik was „eers nie lekker nie, net baie lekkerder" van die lieflike tafelwyn af (uit Tulbagh se wynkelders vóór die aardskudding!) dwarsdeur Johan van Rensburg se toespraak toe hy vertel het van sy groot, aandoenlike oomblik met die kleedrepetisie- keuring, tot by die „boat-race" met baie glasies bier en blou servet-borslappies.

Toesprake? Ja, dit was later 'n stryd om „nugter te kyk", veral toe Koos Roelofse opstaan om sy toespraak te maak met 'n wynglasie in die een hand en 'n bottel wyn onder die arm!

Prof. D. P. Erasmus, erepresident van Alabama, en ds. Hennie Coetzee, toerpa, het ook aan die woord gekom. Ds. Coetzee het die plan voorgestel dat Alabama volgende jaar in Desember 'n oorsese toer onderneem met die geld wat hulle in Julie insamel. Of hierdie wensdenkery werklikheid gaan word, sal die toekoms ons maar moet leer. Alabama het 'n pragtige stel breekware aan die toerouers oorhandig.

En ons het nie Rennie se tekening op die program geniet van Frans met sy ingeblikte boompie nie, „Mevrou Van der Merwe, gesiggie"!

Nee wat, op dié Dinee van die Jaar was alles piekfyn; nie te warm nie, nie te koud nie, ook nie te sterk of flou nie, maar: net so in die groef!

deur Retha le Roux.

# INGENIEURSFAKULTEIT 'N MOONTLIKHEID

**DIE P.U. VERDIEN 'n ingenieursfakulteit en het ook talle moontlikhede tot die stigting daarvan, het senator Jan de Klerk, kanselier van die Universiteit en president van die senaat in sy rede tydens die eregradeplegtigheid gesê. Voorts het hy genoem dat die kommissie van ondersoek objektief daaroor sal rapporteer, hoewel hy glo die P.U. dit sal kry.**

Senator De Klerk het in sy rede hoofsaaklik gewys op die diens wat die universiteit lewer aan ons land, volk, kerk en gemeenskap, en genoem dat die P.U. geheel en al aan sy primêre doel voldoen, wat die bevordering en ontginning van kennis, die ontwikkeling en vorming van die student tot diens van God en die naaste, en die uitbouing van sy beginsels is.

Die P.U. moet nog steeds dit as sy roeping beskou om te keer en te weer en om die nasionale suiwer te hou, het hy gesê. Die universiteit moet steeds beskou word as 'n kragtige medewerker om ons volk se taal, kuns en kultuur suiwer te hou. Rewolusionêr op dié gebied sal en mag die P.U. nooit optree nie. Voorts beskou hy die P.U. as dienaar op alle gebiede: staatkunkundig sowel kerklik, volksgebied, sowel as dienaar van die gemeenskap, professies, wetenskap, opvoedkunde, kultuur, en ekonomie.

Ten slotte het senator De Klerk genoem dat die P.U. nougeset en trou van die geringe tot die komplekse ontwikkel het. Hy het die P.U. leer ken as 'n universiteit wat eers diens lewer vóór hy substantiewe middele vra. Die P.U. het nog altyd eers gevra nadat hy klinklaar bewys het dat hy kan.


„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra
BAKKERY

ook te kry by u kafeteria






# 'n Goudstad-baba.

In 1889 was Johannesburg 'n stowwerige, rumoerige paddastoeldorp. Snags deur kroeglampe belig, bedags deur The Star. Die Argus-maatskappy het in 1889 sy eerste lig hier gesien.

Sedertdien het Johannesburg 'n kolos geword. Die Argus-groep van publikasies ook. In 1889 het ons met twee klein koerantjies gespog: The Cape Argus, wat reeds in 1857 in Kaapstad gebore is en The Star (voorheen Eastern Star) wat in 1887 in Johannesburg die lig gesien het. Tans bestaan ons uit nege groot koerante en ses beroemde tydskrifte.

Net soos Johannesburg die sakesentrum van Afrika geword het, het die Argus-groep van publikasies die grootste koerantorganisasie in Afrika geword, met 'n plaaslike en buitelandse nuusdiens wat by die wêreld se beste kan kers vashou.

*Koerante:* **The Star. The Cape Argus. The Daily News. The Sunday Tribune. The Pretoria News. The Friend. Diamond Fields Advertiser. World. Ilanga.**

*Tydskrifte:* **Personality. Femina. Farmer's Weekly. Garden and Home. Photography and Travel. S.A. World of Sound.**

**Die Argus-groep van publikasies.**
**Ons stem is Suid-Afrikaans. Ons visie wêreldwyd.**

# MASSAKUNSSPEL VIND GROOT BYVAL

**Gelukwensinge van oral stroom in. Vir die verfilming van die massaspel is reeds R250 geskenk en die Puk gaan moontlik 'n soort passiespel al om die drie jaar kry. Al die opwinding is veroorsaak deur die grootse aanbieding van die massakunsspel gedurende die eeufeesvierings. Baie beskou dit as die hoogtepunt van die fees omdat dit uitsluitlik 'n produk van die Universiteit was.**

Prof. W. N. Coetzee, die teksskrywer, en dr. T. Botha, hoof van die departement spraakleer en drama wat die massaspel aangebied het, het saam met die deelnemers en ander studente hul spyt uitgespreek dat so min studente dit kon sien. Die gedagte het ontstaan om die spel so al om die drie jaar aan te bied, sodat dit vir elke student aan die Puk moontlik sal wees om hierdie aangrypende dramatisering van die universiteit se geskiedenis, sy stryd en oorwinning te beleef.

Prof. Coetzee het gesê dat hy 'n oorsig van die geskiedenis net die glanspunte daarin wou gee. Hy het probeer om die teks aanskoulik te maak en die andersins losse bou van die tablo's wou hy aanmekaar bind deur die dialoog tussen die voor- en teenstander van die universiteit. Dit is duidelik dat hy in sy doel geslaag het. Volgens dr. Botha is dit 'n besonder plooibare teks; goed gestruktueer met 'n pragtige spanningslyn, 'n klimaks en geslaagde slot.

Die sukses van die opvoering skryf dr. Botha toe aan die uitstekende samewerking tussen die dramaturg, die regisseur, die spelers en die tegnici. „Dis die mees bevredigende opvoering waarvan ek die regie waargeneem het", het hy gesê.. Prof. Coetzee, asook prof. Pieter de Villiers wat die kore afgerig het, loof die goeie samewerking wat in die opvoering verkry is en die kunswerk wat dr. Botha van die teks gemaak het.

Met hierdie opvoering is weer die behoefte aan 'n teater in Potchefstroom duidelik aangevoel. Daar was byna onoorkomelike tegniese probleme deurdat 'n eetsaal as teater gebruik moes word.

Die opvoering was fyn afgerond en het baie werk geverg. Tog sê die deelnemers deurgaans dat hulle dit geniet het om daarin op te tree. Liesbet Schoeman het die deelnemers se gevoel só opgesom: „Dit was vir my 'n voorreg om daarin op te tree. Vir die eerste keer het ek werklik lojaal teenoor die Puk begin voel. Ek dink net 'n man soos dr. Botha wat mense so kan inspireer en tog tegelykertyd kan dissiplineer, kon in twee weke so 'n grootse massaspel op die planke bring".

Vir die studente wat wel die opvoering kon bywoon, was dit indrukwekkend. Neels Smit sê: „Die massaspel was skitterend! Die moeilikhede wat enige tablo uit die aard van die saak gewoonlik bied, is ongetwyfeld op 'n vernuftige wyse oorkom. So 'n tipe tablo kan maklik fragmentaries of onafgewerk aandoen. Hierdie tablo was in sy geheel 'n eenheid, deurentyd sprankelend, en tog ook plegtig".

Lede van die publiek wat eintlik objektief teenoor die Puk se geskiedenis staan, getuig dat die opvoering aangrypend was en hulle ontroer het. Mev. Valmal Otto sê dat dit haar meer simpatiek teenoor die universiteit gestem het. Sy dink dat dit skitterend was en werklik 'n belewenis. Mev. ds Jordaan bestempel die opvoering as baie treffend en dink dat dit uitstekend vergelyk met soortgelyke opvoerings wat sy oorsee gesien het.





*Bo: Die vlam van geloofsoortuiging in die roeping en ideaal het nie verflou nie.*

*Op die foto regs bo is nog 'n voorstelling tydens die opvoering van die massakunsspel.*
*(Foto: Fotokuns).*

# SPANNING EN VREUGDE IN KANTATE

**HEERLIK! TWEE KAARTJIES vir die uitvoering. Ons is laat, dus nonchalant oor die spoor en uitasem in ons sitplekke, maar betyds.**

Die saal is nie heeltemal donker nie en Anton Hartman se hare blink silwer as hy die stokkie lig vir Brahms se Akademiese Feesouverture. Dis vreugde om te sien hoe die viole en tjello's sing en jubel en die kontrabasse al brommend saam met trom, fagot, driehoek en trompet hulle in: Wat maak oom Kallie daar? en Gaudiamus Igitur verlustig.

Stilte. Beethoven se sewende simfonie. Ek kyk na elke speler en maak sy belewing van die musiek myne. My maat sit met toe oë deur die stadige beweging: vir my neem die vloeiende tema in die orkes gestalte aan. Ten spyte van die applous tussen elke beweging word mens saamgesleur na die uitbundige einde wat ophou voordat jy jouself uitbrand van vreugde

Ek luister na die eerste minister se toespraak — met aandag, maar ongeduldig. Wag ons dan nie al lank op die kantate-uitvoering nie? Strofes wat in die koshuisgange gesing is, draai in my kop: „Goud en glas kan daarmee nie vergelyk word nie." -die wysheid.

Nie die volle orkes verskyn nie: net die strykers, hobo, fagot, klarinet, horing en fluit. Met onuitspreeklike ontsag en huiwering — eers die strykers alleen en dan saam met die fluit en hobo — na die aankondiging van die tema deur die koor: „Maar die wysheid — waar word dit gevind?" Jubelend maar vraend soek orkes en koor op ritmeveranderings en pragtige klanke na die wysheid.

Die tenoor- en sopraangedeeltes bou die spanning op. Kragtig ontlaai dit met: „in die begin was die Woord". Die draende tone van alt, tenoor en bas word sidderend deur die koor ge-eggo. Dan die antwoord: „Want uit hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge". Volkome eindig dit: „Syne is die heerlikheid tot in ewigheid, Amen amen amen . . ." Dawerende en jubelende klokke. Dit was mooi.

deur Retha Coetzee

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ PLATE

by

PRO REGE - PERS BEPERK

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

# LOF EN SKERP KRITIEK VIR MIMI

**„KONINGIN VAN DIE Afrikaanse kunslied!" „Daar's net een Mimi!" Op hierdie wyse is die twee sanguitvoerings deur Mimi Coertse met groot gejuig in die koerante begroet.**

Die dertigste September het mej. Coertse haar uitvoering aan liedere gewy, terwyl sy die tweede Oktober in die sentrale eetsaal liedere sowel as opera-aria's gesing het. In beide konserte is sy deur Pieter de Villiers begelei.

Mej. Coertse is 'n klein fortuin betaal vir die twee uitvoerings wat deel gevorm het van die hoogtepunt van die eeufeesvierings. Daar is dus uitgesien na 'n aanbieding wat die eeufees waardig sou wees.

Aangesien beide uitvoerings deur studente bygewoon is, is 'n paar studente om hul menings gevra: Donderdagaand se uitvoering het 'n derdejaar Biblioteekkundestudente verras. Alhoewel nie 'n liederliefhebber nie, vind sy die program gebalanseerd en het die goeie kontak tussen sangeres en begeleier haar opgeval.

'n B.Sc-I (Farmasie)-studente beskou Mimi as 'n meesteres op haar gebied met 'n goeie verhoogpersoonlikheid en goeie tegniek. Haar program was goed gekies en was bevredigend ten spyte van die swak akoestiek.

Die swak akoestiek het die uitvoering vir 'n meestersgraadstudent in Engels belemmer. 'n Paar liedere het hom verveel, maar hy verklaar nogtans. „Ek kan darem sê ek het Mimi Coertse hoor sing."

Vir 'n U.O.D-voorligting studente was die uitvoering besonder genotvol. Alhoewel die tegniek — veral in die Boerneef-liedjies nie altyd onbesproke was nie, was die opera-arias aangrypend en veral in Schätzli was daar 'n besonder gevoelige kontak met die gehoor.

Dit was ook slegs in hierdie lied, Rooidag en waarom is die duiwel vir die slypsteen bang? dat 'n ander B.A.-student aansluiting gevind het by die sangeres. Die feit dat haar vibrato haar in die steek gelaat het (Rimsky-Korsakov) en note wat gevat is as dit reeds halfpad verby is, was nie die swak akoestiek se skuld nie. By die Verdi-arias was daar meer as net 'n beduidenis van asem in haar stem, haar hoë registers was soms skril terwyl lae note wankelrig was. „As 'n komponis verwag dat 'n noot van onder gevat moet word, dan sal hy dit aandui- Mimi slaag net so min soos Min Shaw daarin om dit aanvaarbaar te maak."

Die sewe Boerneef-liedjies was vir 'n B.Sc-III-student die hoogtepunt. Die vertolking van ander Afrikaanse liedere was besonder goed en Pieter de Villiers se simpatieke begeleiding het hom opgeval.

'n B.Mus.-student is erg teleurgesteld. Sy voel dat Mimi die Pukgehore beledig het deur in 'n groot mate onvoorbereid op te tree: sy het nie eens die woorde van Duitse en Afrikaanse liedere geken nie. Haar hoë note was soms nie suiwer nie en die sentrale eetsaal se omstandighede het die situasie vererger.

Hierdie is bloot persoonlike indrukke van studente wat belangstel in musiek van hierdie aard.

„Koningin van die Afrikaanse lied?"

„Maar net een Mimi?"

# KLAWERHOF BRAAI VLEIS

**KLAWERHOF se koshuis-braaivleis is gekenmerk deur 'n lewenslustige gees wat nog altyd eie was aan die dames. Die dames het self die vleisbraaiery behartig. Kort na vyf uur die middag het reuse vure in die vierkant geknetter en gekraak. Terwyl die eerstejaars rondbaljaar het, het die oudames gerieflik agteroor gelê en ontspan by agtergrondmusiek verskaf deur Roy Conniff en Dan Hill.**

Mettertyd is die kospotte gevul met heerlike gebraaide vleis. Dit is aangevul deur tradisionele stywe pap . . . en stilte het oor die dames gedaal.

Ondanks 'n koue wind het Anna Venter, die nuwe primaria die dames bymekaar gehou. Geskenke is aan die vertrekkende dames oorhandig. Na mej. Steyn, gewese primaria se afskeidsboodskap, het die vertrekkendes 'n vaandel aan die koshuis oorhandig.

Hierna het die dames opgepak. Sommiges het gaan sleep en ander gaan swot met die tevrede gevoel van nog 'n Klawerhof — koshuisbraaivleis in hul binneste.

# . . . en Spaanse disse vir Karlien

SPAANSE danse, disse en musiek. So het die inwoners van Karlien van hul vertrekkende oudames afskeid geneem tydens 'n geselligheid op Woensdagaand 24 September. Onder die eregaste was prof. en mev. H. J. J. Bingle, mev. Pretorius, die matrone, en mev. W. de Klerk. Die ander belangrike gaste was die vertrekkende senior en hul slepe.

Gelukkig is daar nie veel toesprake gehou nie — elkeen het dus die aand geniet. As afwisseling is selfs Spaanse danse aangebied.

Goeie wense vir die toekoms, saam met 'n klein geskenkie sal die seniors herinner aan een van die laaste goeie aande wat hulle in Karlien deurgebring het.

# LANGER BIBLIOTEEKURE BEVREDIGEND

**HIERDIE TYD van die jaar is daar gewoonlik 'n klemverskuiwing in die studenteaktiwiteite. Wat vroeër slegs as 'n blote kennisgewing oor die hoof gesien is, blyk nou prakties toegepas te word — die studente maak gebruik van die langer biblioteekure.**

Volgens mnr. Aucamp is die gebruik van die biblioteek tydens die langer ure bevredigend, maar hulle sal graag wou sien dat die biblioteek se gewildheid toeneem. Teen elfuur is die geledere baie uitgedun, maar vroeër was dit reeds voor tien die geval — teen half tien is daar nou soms tot oor die honderd studente nog druk besig — die be-

Mens wonder nou net; die stoele is darem hard vir so 'n sitsessie van 14 uur!

gin van 'n nuwe skof ná tee.

Hoewel ons biblioteekure uitstekend vergelyk het met dié van ander universiteite, het die idee ontstaan om langer ure in te stel. Dit is nog bespoedig deur 'n versoek wat op 'n monster vergadering gerig is. (Dit lyk of daar tog soms iets uit 'n monstervergadering kan spruit!)

Die biblioteek is op Dinsdae en Donderdae vanaf tweeuur tot elfuur saans oop, wat die totale aantal ure vir daardie dae op 14 uur per dag te staan bring. Hoewel hierdie ure personeel-probleme oplewer, is dit die moeite werd as daarvan gebruik gemaak word en die moontlikheid is groot dat dit permanent ingestel sal word.



*Prof. P. H. Stoker, hoof van die dept. Fisika, het onlangs na die buiteland vertrek vir navorsing oor kosmiese strale.*

## HARTAANVAL

PROF. H. L. SWANEPOEL, dekaan van die regsfakulteit, is nog ongesteld na 'n hartaanval. Prof. Swanepoel is op die kommissie wat die bedrywighede van die Scientologiebeweging ondersoek.

## Spykerbank-kantate

★ *vervolg van bladsy 3*

*lie Coetzee* het nou finaal besluit: alle grappies op 'n stokkie, ons maak glad nie 'n slegte kombinasie nie.

As daar nou een man is op hierdie Puk wat wens dat hy 'n remskoen vir die tyd kan aansit, dan is dit sekerlik *Neels Smit. Hettie Steenkamp* sal maar alte bly wees as daar so 'n remskoen gevind kan word!

*Mara Oosthuisen* word hoe langer hoe meer met die groen vierwiel-aangedrewe dingetjie van *Chris Marnewick* geassosieer. Waat! *Nina Venter* en *Johan Yssel*? Wat staatsleer ook nie alles kan doen nie, nè! As *Linette van der Merwe* nie sente soek om in haar „trourok spaarbussie" te gooi nie, dan soek sy sente om die geleentheid na Pretoria se petrolgeld te betaal... en alles gaan om *Herman*.

Voordat ek afsluit, wil ek net die volgende vaste slepe die beste toewens vir die lang vakansie wat voorlê. Skryf gereeld daardie brief en bel maar so af en toe, dan behoort die stewige bande van die huidige sterk te bly. *Marlene Booyens* en *Piet Bruwer; Irene Harmse* en *Koos du Toit; Ria Rossouw* en *Ben van der Walt, Rentia Kruger* en *Rudi von Eldick, Sanette Maree* en *Christo Stassen; Rina Hugo* en *Johan van Rensburg.*

Ek wens ook vir *Annette Hamman* en *Klaas Havenga; Myra Heiberg* en *Gawie Yssel; Emilie Postma* en *Thys Lourens; Isabel Stander* en haar *Gerrie, Sandra van Aswegen* en *Bertie Fourie; Marie Gibson* en *Fanus* 'n aangename wittebrood toe — dis nou ná die huwelik.

Groetnis.

## WAPADLANGS

★ *vervolg van bladsy 2*

dag aan die politiekery in Afrikanergeledere gewy word.

Of moet ons die blanke mening oriënteer vir opname van die Kleurlinge met 'n bepaalde opvoeding en 'n sekere graad velkleur as toelatingskriterium tot 'n nuwe Suid-Afrikaanse nasie. Die resultaat sal iewers tussen die twee uiterstes van bondgenootskap teen swart verswelging en onherroeplik op weg na integrasie lê.

Dit is duidelik dat in die oplossing van die probleem die taak van die jonggeslag lê. Die vraag stuk sal aangepak moet word met praktiese en nugtere insig en sal moet voldoen aan die eis van regverdigheid.

# CHRISTEN-KRITIKUS SE TAAK

**„CHRISTELIKE literêre kritiek moet die religieuse gees wat in die konstituerende elemente en horisonne van betekenis van 'n woordkunswerk is, uitlig", het prof. Calvin Seerveld tydens sy laaste lesing aan die P.U. gesê.**

„Die taak van die Christen-letterkundekritikus is nie om morele uitsprake te lewer nie, maar om die kunswerk te analiseer ook in sy religieuse bepaaldheid.

„Kultuur word ook voor die aangesig van God bedryf en behoort tot sy eer te strek", het hy gesê. „Tog moet die kritikus ook vanuit sy Christelike perspektief kunswerke, bv. gedigte, beoordeel wat alleen aan die estetiese en nie ook aan die religieuse norm nie, beantwoord."

Met verwysing na die „Lied des Freudenmädchens" deur Bertolt Brecht, het hy gesê: „If I don't judge this now, it will judge me on judgment day".

Prof. Seerveld het as gas van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die eeufeesverrigtinge kom deelneem.

In sy bedankingswoord het prof. W. N. Coetzee, dekaan van hierdie Fakulteit, gesê dat die reeks lesings „'n aangename smaak van verdieping en insig" nagelaat het.

Drie eeufeesgeskrifte van die P.U. is by die geleentheid aan hom oorhandig sodat sy verblyf in Potchefstroom in die woorde van prof. Venter van die departement Engels „op 'n hoë noot" afgesluit is.


**A. VORSTER APTEEK**

Octron-gebou

Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074



**GEE 'N MAN 'N LUCKY!**




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

# PUK-KANSE GOED VIR DALRYMPLE

Bester Swart

**DIE BELANGRIKE Dalrymple-atletiekbyeenkoms vind vanjaar gedurende die Desember-vakansie op die Bill Swart-ovaal plaas. Met 'n geslaagde oorsese toer agter die rug, is die Pukke 'n span waarmee deeglik rekening gehou sal moet word. Verlede jaar was die Pukke ietwat ongelukkig om derde te eindig, en vanjaar lê die grootste gevaar vir die tuisspan in die spanne van Tukkies en Stellenbosch.**



*Fanie van Zijl*


Die oë sal veral gevestig wees op Fanie van Zijl wat weer vir die Pukke beskikbaar sal wees. Willie Coetzee het nou die Puk verlaat met die gevolg dat die hekkiesnommers vir die eerste keer in 'n hele aantal jare moontlik deur 'n deelnemer van 'n ander universiteit verower kan word. Die S.A.-se rekordhouer in die gewigstoot, Dawid Booyens, het ook 'n betrekking elders aanvaar.

Ten spyte van hierdie terugslae beskik Puk nog oor baie goeie mans atlete en ook oor heelwat belowendes. So is daar George Müldner, Gawie van Eck, Willie van der Westhuizen, Johan Hurter, Herman Smit, Pypies Loubscher, Klasie Brummer, Henk Coetzee, Cor Marx, e.a. om maar 'n paar te noem. Die span bestaan uit dertien lede en moet nog bekend gemaak word.

Die damesspan ding mee om die Dayson-skild.

Puk se kanse om hierdie afdeling te buit is nie so goed nie. Tog behoort atlete soos springbok Bea Marais, en staatmakers soos Cecile Malan, Anna Venter en Rosalie de Klerk hulle goed van hulle taak te kwyt.

Wat natuurlik in die Puk se guns tel, is die feit dat die byeenkoms op die Bill Swart-ovaal aangebied word. Dit is een van die vinnigste bane in die land, en met die aansporing van die skare kan die Puk-atlete hulle beste lewer. Voeg hierby ook die bekwame afrigtershand van langasem Jan Barnard en dan kan 'n mens nie anders as om optimisties te voel oor die Puk-atlete se kanse nie.



*Heloïse Burger is een van die eerstejaars wat in die komende interuniversitêre tennistoernooi baie goed behoort te vaar. Die toernooi word gedurende die Desembervakansie op die Pukbane beslis.*

## OVER DE VOOR BAAS IN INTERVARSITY

**DIE JAARLIKSE koshuisintervarsity tussen Over de Voor en Taaibos het op Saterdag, 27 September, plaasgevind. Over de Voor het na 'n taai stryd 12—8 gewen.**

Gedurende die oggend is tafeltennis en tennis afgehandel. Taaibos het daarin geslaag om die tafeltennis met 8—2 en 7—3 te wen, maar die tennis is deur Over-de-Voor gewen met 43 spelle teen 21.

Om een-uur het die vierde („fish en chips") en derde („whitbreads") rugby spanne op Olën Park opgedraf. Die vierde span onder leiding van Fanie Grobler kon egter nie die mas opkom nie en Taaibos het die wedstryd 12—6 gewen.

Die derde span met Sam du Rand as kaptein het maklik daarin geslaag om 14—0 te wen. Die hoogtepunt van die wedstryd was die pragtige breekslag van losskakel J. Kruger wat uitgeloop het op 'n drie in die hoek deur Henri Beayon.

Alhoewel die tweede span („castles") nie veel van die bal te sien gekry het nie, het hulle daarin geslaag om die knoop deur te haak en 8—3 te wen. Die punte het gekom van 'n drie deur Gerrit Jooste, vervyf deur Louis van Niekerk. Losskakel Nicky Aucamp het 'n skepskop deur die pale gestuur. Wouter Geyser, kaptein en skrumskakel van die span het ook goed vertoon.

Die beste wedstryd van die middag was ongetwyfeld dié van die eerste span („Lions"). In die eerste helfte het die manne van die Voor gesukkel teen die wind en met halftyd het Taaibos 8—3 voorgeloop. Na halftyd is die bordjies egter verhang. Johan Kriek wat deurgaans uitmuntende spel op heelagter gelewer het, en voor halftyd reeds 'n strafskop deur die pale gejaag het, slaag met 'n skepskop en nog 'n strafskop. Faan Kock breek pragtig van die halflyn af en gee aan Tienie van Schoor, die bal word rondgegooi tussen die voorspelers en 'n losskrum word naby Taaibos se doellyn gevorm. Over-de-Voor bemeester die bal en skrumskakel Daan Kock laat loop na Frans Kruger wat deurdraf vir 'n onvervyfde drie en Over-de-Voor wen die wedstryd met 12—8.

Vir Taaibos het vleuel Tomaider 'n goeie vertoning gelewer, maar hul skoppe pale toe was nie baie geslaag nie.

## Dorp voor in krieketkoshuis-liga

IN DIE krieketkoshuisliga loop dorpstudente tans voor met verlede jaar se wenners ,Drakenstein, kort op hulle hakke. Die puntestand is as volg:

| | G | W | V | On | P |
|---|---|---|---|---|---|
| Dorpstudente: | 5 | 4 | 0 | 1 | 22 |
| Drakenstein: | 5 | 3 | 1 | 1 | 17 |
| Over de Voor: | 5 | 3 | 2 | 0 | 15 |
| Potch-dorp: | 3 | 2 | 1 | 0 | 10 |
| Dawie Dup. | 5 | 2 | 3 | 0 | 10 |
| Isak Meyer: | 3 | 1 | 2 | 0 | 5 |
| Here XVII: | 3 | 1 | 2 | 0 | 5 |
| Hombré: | 5 | 1 | 4 | 0 | 5 |
| Kompleks: | 5 | 1 | 4 | 0 | 5 |
| Proefplaas: | 3 | 1 | 2 | 0 | 5 |

*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*

# Hoop op eerstejaars by tennistoernooi

**DAAR WORD MET groot belangstelling uitgesien na die Suid-Afrikaanse interuniversitêre tennistoernooi wat vanjaar van 1 tot 6 Desember in Potchefstroom gehou word.**

Mnr. Keith Diepraam, die bekende tennisafrigter, sal reeds van 25 November af hier wees vir die finale afronding aan die P.U.-spelers se spel. Groot dinge word vanjaar van die Pukke verwag en veral die dames behoort baie goed te vaar. Die spelers wat die Puk gaan verteenwoordig, is: mans; J. Malan, C. van der Walt, N. Botha, P. de Villiers, E. Ferreira en A. Vermeulen. Die dames is: H. Burger, R. Smit, A. van Loggerenberg, R. Fourie, G. Fourie en M. Ferreira.

Sewe van die spelers het al vanjaar vir Wes-Transvaal gespeel. Vyf van die spanlede is eerstejaars, maar hulle is baie ervare en daar word geglo dat hulle die spanne aansienlik versterk. Heloise Burger en Johan Malan, die nommer een-spelers in Wes-Transvaal, kan waardevolle punte vir hul onderskeie spanne insamel.

Dit is nie onmoontlik dat die Puk-dames vanjaar met die louere kan wegstap nie, hoewel hulle kwaai teenstand van die Stellenbosse dames kan verwag. Die mans kan effens kwaaier teenstand te wagte wees, maar tennis van 'n hoë gehalte word in die vooruitsig gestel.

## TYD RED KOVSIES

**IN 'N VRIENDSKAPLIKE wedstryd tussen die Puk en Ukovs op Bloemfontein het die Pukke byna daarin geslaag om die Kovsies te wen. Die elftal van die Puk het in hul eerste beurt 117 lopies, almal uit, opgestapel. Ukovs se telling, 35 minute voor uitskeityd was 85 lopies vir die verlies van 9 paaltjies. Hul laaste twee kolwers, Van Wyk en Oosthuizen, het egter daarin geslaag om hul paaltjies te behou en die wedstryd onbeslis laat eindig met hul telling van 100 vir 9.**

Die lae tellings was te wyte aan 'n uiters stadige buiteveld. Die 117 lopies van die Puk was ten minste 200 op 'n normale blad werd.

As in aanmerking geneem word dat Ukovs vyf provinsiale spelers in hul geledere gehad het, is dit des te merkwaardiger dat die Puk amper vir die tweede agtereenvolgende jaar met Ukovs afgereken het.

Vir die Puk het Johan Verwey (35) en Jos Coetzee (26) goeie kolfbeurte gelewer, terwyl Philip Schlebush en Sias Willemse ook hul stemme dik gemaak het teen sulke ervare boulers.

Dit is egter jammer dat sulke belowende spelers soos Gordon Holtmann en Mike Zondach nie groter toewyding aan die dag gelê het nie. Daar word egter nog baie van hulle verwag.

Hennie van Vuuren en Gerhard Postumus het onteenseglik bewys dat hulle tans een van die beste openingsboulpare in Wes-Transvaal is.

Met die koms van Richard Langridge, wat reeds vir Engeland met die kolf geopen het, behoort hierdie jong spelers van die Puk baie te baat.

## NUWE LEKTOR

MNR. JOHAN SNYMAN, derdejaar B.A. en huiskomiteelid van Dawie Dup Suid is aangestel as voltydse lektor in die dept. Wysbegeerte aan die P.U.

Hy is die oudste van vier seuns, het sy hele lewe lank op Florida gewoon en was in 1965 hoofseun van die Floridase Hoërskool.

Volgende jaar begin hy met Honneursstudie. Hy wil hom indien moontlik later in die besonder toelê op kunsfilosofie.

**DIE**

**INSLEEP RESTAURANT**

**WAARHEEN ALMAL SLEEP**

**Koshuisbestellings: 6039**

**Vir al u**

★ APTEKERS- en

★ FOTOGRAFIESE

★ BENODIGDHEDE

**Besoek:**

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**

(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 118

POTCHEFSTROOM

Telefoon 3237